

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

METAALWERK SG
(Eerste Vraestel: Tekene)

TYD: 3 uur

PUNTE: 100

INSTRUKSIES:

- Beantwoord ALLE vrae.
 - Beantwoord die vrae in die Antwoordboek (719-2/X) wat voorsien word.
 - Skryf jou eksamennommer op jou antwoordboek.
 - Gebruik jou diskresie waar mates (dimensies) of besonderhede weggelaat is.
 - Alle projeksie- en konstruksielyne moet getoon word.
 - Punte sal afgetrek word vir slordige werk.
-
-

VRAAG 1

Beantwoord hierdie vraag op Antwoordvel 1.

- 1.1 **Figuur 1.1** toon die voor- en boaansigte van die deursnee van ? kegel in eerstehoekse ortografiese projeksie. Projekteer en teken die deursnee linkeraansig in die ruimte wat voorsien word. (5)
- 1.2 **Figuur 1.2** toon die profiel van ? metaalgietstuk. Gebruik die lyne in die ruimte wat voorsien word en teken die gietstuk volgens ? skaal van 1:1. Toon alle konstruksies. (5)
- 1.3 **Figuur 1.3** toon die voor- en boaansigte van ? masjienonderdeel in eerstehoekse ortografiese projeksie. Gebruik die twee aansigte wat voorsien word en projekteer ? linkeraansig in die ruimte wat voorsien word. (6)
- 1.4 **Figuur 1.4** toon VIER sweislaste. Sit die korrekte sweissimbool vir elk in op die voorsiene pyltjies. (4)

[20]

VRAAG 2

Beantwoord hierdie vraag op Antwoordvel 2.

Die figuur op Antwoordvel 2 toon die vooraansig en hulpaansig van ? vierkantige prisma met ? ronde gat in eerstehoekse ortografiese projeksie. Die soliede prisma word gesny op snyvlak **AA**.

Projekteer ? deursnee bo aansig.

Verborg detail hoef nie getoon te word nie.

[20]

VRAAG 3

Beantwoord hierdie vraag op Antwoordvel 3.

Die figuur op Antwoordvel 3 toon die voor- en boaansigte van ? masjienonderdeel in eerstehoekse ortografiese projeksie. Moenie hierdie aansigte oorteken nie, maar teken ? isometriese aansig, volgens ? skaal van 1:1, van die onderdeel. Maak **A** die laagste punt van die tekening.

[20]

VRAAG 4

Beantwoord hierdie vraag op Antwoordvel 4.

Die figuur op Antwoordvel 4 toon die voor- en boaansigte van twee seskantige prisma's wat mekaar sny. Teken die volgende:

4.1 Die lyne van interpenetrasie in die vooraansig

(10)

4.2 Die ontwikkeling van deel **A**

(10)

[20]

VRAAG 5

Beantwoord hierdie vraag op Antwoordvel 5.

Die figuur toon die voor- en boaansigte van ? gewone woonhuis in eerstehoekse ortografiese projeksie. Maak ? netjiese tweepuntperspektief-tekening van die woonhuis volgens die skaal van 1:1 die woonhuis.

NB Verborg detail hoef nie getoon te word nie. Moenie muurdiktes toon nie.

[20]

TOTAAL: 100

EINDE